# Verblind om te kan sien.

# Hand 9:1-19a.

9:1 Saulus, wat nog steeds dreigemente en moord teen die dissipels van die Here aangeblaas het, het na die hoëpriester gegaan 2 en van hom briewe gevra aan die sinagoges in Damaskus, sodat, indien hy enige mense opspoor wat aanhangers van die Weg is, mans sowel as vroue, hy hulle geboeid na Jerusalem kon bring. 3 Terwyl hy onderweg was, en naby Damaskus kom, het 'n lig uit die hemel hom skielik omstraal,

4 en hy het op die grond neergeval en 'n stem vir
hom hoor sê: “Saul, Saul, waarom vervolg jy My?”
5 Hy het gevra: “Wie is U, Here?” En Hy antwoord:
“Ek is Jesus, wat jy vervolg. 6 Maar staan op en
gaan na die stad, en daar sal vir jou gesê word wat
jy moet doen.” 7 Die manne wat saam met hom
gereis het, het sprakeloos gestaan, omdat hulle
wel die stem gehoor het, maar niemand gesien het
nie.

8 Saulus het van die grond af opgestaan en,
alhoewel sy oë oop was, kon hy niks sien nie. Hulle
het hom aan die hand gelei en Damaskus
binnegebring. 9 Drie dae lank kon hy nie sien nie,
en het hy nie geëet of gedrink nie. 10 Daar was 'n
dissipel in Damaskus met die naam Ananias. In 'n
visioen het die Here vir hom gesê: "Ananias!" En hy
het geantwoord: "Hier is ek, Here." 11 Toe sê die
Here vir hom: "Maak gereed en gaan na die straat
bekend as Reguitstraat,

en vra in die huis van Judas na iemand uit Tarsus met die naam Saulus. Want kyk, hy is besig om te bid, 12 en het in 'n visioen gesien dat 'n man met die naam Ananias binnekom en hom die hande oplê om hom weer te laat sien.” 13 Ananias het geantwoord: “Here, ek het by baie mense van hierdie man gehoor, van al die kwaad wat hy u heiliges in Jerusalem aangedoen het. 14 En hier het hy volmag van die leierpriesters om almal wat u Naam aanroep, in boeie te slaan.”

15 Maar die Here sê vir hom: “Gaan, want Ek het
hom uitgekies as instrument om my Naam uit te
dra na nasies en na konings en na Israel. 16 Ek sal
boonop aan hom toon hoeveel hy ter wille van my
Naam moet ly.” 17 Ananias het toe vertrek, en die
huis binnegegaan en hom die hande opgelê, met
die woorde:“Saul, broer, die Here het my gestuur –
Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee
jy gekom het – sodat jy weer kan sien en met die
Heilige Gees vervul kan word.”

18 En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval. Hy kon weer sien en het opgestaan en is gedoop. 19 Nadat hy geëet het, het hy sy krag herwin.

# Paulus

# Hand 7:58

Nadat hulle hom uit die stad uitgesleep het, wou hulle hom stenig. Die getuies het hulle boklerep neergesit by die voete van 'n jong man bekend as Saulus. 59 En hulle het Stefanus gestenig, terwyl hy uitroep: “Here Jesus, ontvang my gees!”

# Wie was Paulus?

Hand 22:3

“Ek is ’n Jood wat in Tarsus in Silisië gebore is, maar ek het hier in Jerusalem grootgeword. As leerling van Gamaliël is ek volgens die streng opvatting van die wet van die voorvaders opgevoed, en ek was net so ’n kampvegter vir God soos julle almal vandag is. 4Ek wou die mense wat die leer van Christus volg, totaal uitroei. Mans sowel as vrouens het ek gevange geneem en in tronke laat stop.


EUROPE
BULGARIA
BLACK SEA
GEORGIA
ARMENIA
ASIA
TURKEY
GREECE
AEGEAN SEA
IRAN
Tarsus
CYPRUS
SYRIA
IRAQ
MEDITERRANEAN SEA
0
100
200 mi
0
100
200 km
© Encyclopædia Britannica, Inc.




Tarsus, Capital of Roman Province Cilicia

# Gamaliël

Hand 5:33

33Toe die Raad dit hoor, was hulle woedend, en
hulle wou die apostels doodmaak. 34Een van die
Fariseërs in die Raad, ’n man met die naam
Gamaliël, wat as leermeester van die wet van
Moses by die hele volk in hoë aansien was, het toe
opgestaan en gevra dat die apostels ’n rukkie
buitentoe gevat moet word.

# Paulus en Lukas

Kol 4:14.

14Lukas, die dokter wat ek baie lief het, en Demas
stuur vir julle groete.

Hand 16:10.

10Nadat Paulus die gesig gesien het, het **ons** so gou as moontlik gereed gemaak en na Masedonië toe vertrek, omdat ons tot die oortuiging gekom het dat God ons geroep het om die evangelie aan hulle daar te verkondig.

# New Testament Word Counts by Author

(Greek Text Estimates)

- Luke: ~37,932 words (27.5% of the New Testament) across Luke and Acts
- Paul: ~32,408 words (23.5%) across his 13 epistles (Romans through Philemon)

51%

# God gebruik Lig

Eks 3:2

Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in ’n vlam binne-in ’n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie. 3En Moses sê vir homself: “Ek wil tog ’n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?”

4Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: “Moses! Moses!” En hy antwoord: “Hier is ek.”

God is Lig

Gen 1:1–3.

1 In die begin het God die hemel en die aarde
geskep. 2Die aarde was heeltemal onbewoonbaar,
dit was donker op die diep waters, maar die Gees
van God het oor die waters gesweef.

3Toe het God gesê: “Laat daar lig wees!”

En daar was lig.

1 Joh 1:5.

5Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.

# Verblind om te kan sien

Joh 9:39.

39Toe sê Jesus: “Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op ’n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word.”

# Is Jesus jou Lig?

# Ps 27:1

Die Here is my lig en my redding – vir wie sal ek vrees? Die Here is die toevlug van my lewe – vir wie sal ek bang wees?

Jn 8:12.

12Op ’n ander keer het Jesus vir die mense gesê: “Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.”

Ons is ook SY Lig

Mt 5:14–16.

14“Julle is die lig vir die wêreld. ’n Stad wat op ’n
berg lê, kan nie weggesteek word nie; 15ook steek
’n mens nie ’n lamp op en sit dit onder ’n emmer
nie maar op ’n lampstaander, en dit gee lig vir almal
in die huis. 16Laat julle lig so voor die mense skyn,
dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader
wat in die hemel is, verheerlik.”

# Nagmaal

# Ps 37:5–6.

5Laat jou lewe aan die Here oor
en vertrou op Hom; Hy sal sorg.
6Hy sal jou onskuld laat deurbreek
soos die son,
jou reg soos die helder lig
van die middag.